

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 26

8 Augustus 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LANGNAWEEK
Ons hoop dat die ma's op vrouedag baie bederf sal word. Ek weet al ons pa's gaan die ma's in die kombuis afgee, sodat hulle hul braaivernuf ten toon kan stel. Geniet die langnaweek saam met u gesinne. Die wat ver reis, ry veilig, want u vervoer 'n kosbare vrag.

GESINSKAMP 6 SEPTEMBER 2019
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. Ons stuur Maandag al die besonderhede rakende die kamp in 'n omsendbrief aan u deur. Ons het slegs 42 enkel staanplekke en 6 dubbel staanplekke waarop twee gesinne kan staan, beskikbaar. Soos u dan inbetaal volgens die voorskrifte op die omsendbrief, kan u 'n staanplek kies. Reageer dus onmiddelik nadat u die omsendbrief ontvang het om teleurstelling te voorkom.

PARKERING
Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om nie voor enige motorhek by die skool te parkeer nie. Die onderwysers / nasorgpersoneel kan dikwels nie die bussies op die terrein parkeer nie, omdat daar motors voor die hekke geparkeer staan – aangehegte foto aan die einde van die nuusbrief is voorbeeld van iemand wat nie padreëls in ag neem nie. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

WEGBLY VAN SKOOL
Die departement het al die skoolhoofde ingeroep om te praat oor die hoeveelheid afwesighede in skole. Die hoeveelheid afwesighede is 'n ernstige probleem wat hulle wil dringend aanspreek. Daar is 'n departementele beleid dat as 'n leerling langer as 20 dae afwesig is, mag die leerling nie na die volgende graad deurgaan nie. Hulle gaan van nou af die beleid streng toepas. Daarom het ons begin om met die leerlinge te praat oor afwesighede en die leerlinge wat gevaar staan om nie deur te kom nie, se ouers te bel.

Leerlinge wat onnodig afwesig is, veral wanneer dit toetse, mondeling en take is, skep oneindig probleme. Dit raak 'n absolute patroon by sekere leerlinge om tydens bogenoemde dae net nie skool by te woon nie. Indien leerlinge nie tydens hierdie dae by die skool gaan wees nie, sal ons 'n doktersertifikaat benodig, anders het ons geen ander keuse as om die leerling 'n 0 te gee nie.

MNR. EN MEJ. NEWTONPARK: FOTO'S
Foto's van die Mnr. en Mej. Newtonpark is beskikbaar en kan op die skool se skootrekenaar in die voorportaal vanaf Maandag, 12 Augustus 2019, besigtig word. Bestelvorms sal langs die rekenaar geplaas word en u kan die bestelvorm saam met die kontant by Mev. Laas inhandig teen laatste Vrydag, 30 Augustus, wat die sluitingsdatum vir bestellings is. Ons wil u aanmoedig om gerus 'n draai te kom maak om hierdie pragtige foto's te kom besigtig en u bestelvorm in te vul.

BASAAR: VRYDAG 30 AUGUSTUS 2019
Vrydag, 30 Augustus hou ons weer heerlik basaar by Newtonpark. Dit beloof om 'n opwindende dag propvol pret en plesier te wees. Elke graad beman 'n stalletjie soos hieronder aangedui. By voorbaat dankie vir u ondersteuning. Daar sal ook tydens die basaar weer geleentheid wees om bloed te skenk.

Graad R: Lekkers (Monkeynastixs)
Graad 1 : Pannekoek (Ballet)
Graad 2 : Poeding (Strand/Surf)
Graad 3 : Burgers (Rugby)
Graad 4 : Sosaties/Worsrolle/Cheesegrillers (Tennis)
Graad 5 : Kerrierys/Vetkoek/Samoosas (Krieket)
Graad 6 : Koeldranke/Chips (Atletiek)
Graad 7 : Koek/Tee/Koffie (Netbal)

SETLAARSPARK WETENSKAP EXPO : 1 – 2 AUGUSTUS 2019
Newtonpark het weereens uitgeblink by hierdie jaar se Wetenskap Expo wat te Setlaarspark op 1 tot 2 Augustus gehou is. Die onderstaande leerlinge het sertifikate vir hul deelname ontvang en soos volg presteer:

Naam en Van	Afdeling	Toets/Demonstrasie	Prestasie
Henry Greeff	Biologie	Ontwerp en maak van broeikas	Sertifikaat
Karla van Rooyen	Biologie	Vee of Nee – bakterieë op trollie se handvatsel	Sertifikaat
Joshua Latham	Fisiese en Wiskundige Wetenskappe	Hoe om te keer dat gaskoeldrank ontplof	Sertifikaat
Ceygan Nysschens	Fisiese en Wiskundige Wetenskappe	Watter effek verskillende vloeistowwe op jou tande het	Sertifikaat

Derde plek: Lara Nell – Biologie: Die effek van verskillende byvoegings op die kleur en tekstuur van verskeie groentes en vrugte tydens die kookproses.

Eerste plek: Matthys Potgieter en Andrew Hart – Fisiese en Wiskundige Wetenskappe: Demonstrasie van digtheidsverskille in verskillende fases en toepassing van hierdie verskille in die alledaagse lewe.

Skool se prestasie:
Derde plek: Fisiese en Wiskundige Wetenskappe graad 4 – 6
Tweede plek: Fisiese en Wiskundige Wetenskappe graad 7

GROEPFOTO'S (SPORT EN KULTUUR) : DONDERDAG 29 AUGUSTUS 2019
Ons wil u versoek om mee te help dat u kind sy/haar volledige sportuitrusting/provinsiale uitrusting, ens., op bogenoemde datum by die skool sal hê.

Die onderwyser/afrigter sal die korrekte kleredrag aan die betrokke leerlinge vooraf skriftelik deurgee. Slegs leerlinge wie korrek geklee is, sal afgeneem word.

Ons sal ongelukkig ook nie leerlinge op dié dag vanuit die Klerewinkel kan help nie en leerlinge sal ook nie tyd hê om by maats klere te leen nie! Ons vertrou u sal meehelp om teleurstelling vir u kind te voorkom.

U moet nie geld stuur nie. U betaal later slegs op bestelling.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar 'n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.
Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Laat ons werk asof sukses net van ons afhang, maar vanuit die oortuiging dat ons eintlik niks doen nie en God alles.
Ignatius Loyola

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 12 Augustus	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
		Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30**
		Kuns graad 3: **14:00 – 15:00**
		Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
		Netbal: 0/13A+B teen Dr. Viljoen **14:30 (w)**
		Netbal: 0/12A+B teen Dr. Viljoen **14:30 (t)**

Di – 13 Augustus : Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30**
Kuns graad 3: **14:00 – 15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15 (laaste)**
Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15 (laaste)**
Tennis: Grey/Collegiate B teen LNP snr. A **(by Grey)**
Tennis: Westering B teen LNP snr. B **(w)**
Tennis: LNP jnr. A teen Mount Pleasant A **(t)**
Tennis: Charlo teen LNP jnr B **(w)**

Wo – 14 Augustus : Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Skaak: Wedstryd teen Willow Academy **(w)**

Do – 15 Augustus : **TOETS:** Geskiedenis + Aardrykskunde graad 7
Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Netbal: 0/10A teen Dr. Viljoen **14:30 (t)**
Netbal: 0/11A+B teen Dr. Viljoen **14:30 (w)**
Netbal: 0/9A teen Dr. Viljoen **14:30 (w)**
Kultuuraand by Mount Pleasant (albei kore)

Vr – 16 Augustus : Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
HPV: graad 4 – 2de inspuiting
Eko-Newtons
Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**

Sa – 17 Augustus : Mount Pleasant-sportdag
Skaak: Play-Offs by Hoërskool Cilliers

SPORT & KULTUUR

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
1 Augustus	0/10A	Môrewag	LNP wen 6 – 1
5 Augustus	0/13A	Moregrove	LNP wen 18 – 0
5 Augustus	0/12A	Moregrove	LNP wen 14 – 3
5 Augustus	0/12B	Moregrove	LNP wen 11 – 1
5 Augustus	0/12C	Moregrove	LNP wen 6 – 0
5 Augustus	0/9B	Kabega	LNP wen 1 – 0 Speelster van die wedstryd: Roxanne Fourie
6 Augustus	0/11A	Moregrove	LNP wen 3 – 1
6 Augustus	0/11B	Moregrove	LNP wen 4 – 0
6 Augustus	0/10A	Moregrove	LNP wen 8 – 7
6 Augustus	0/10B	Moregrove	LNP verloor 3 – 5
6 Augustus	0/9A	Moregrove	LNP speel gelykop 3 – 3 Speelster van die wedstryd: Isabel Kühn
6 Augustus	0/9B	Moregrove	LNP verloor 1 – 2

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Augustus	0/7 Gemsbokkies	Mount Pleasant	LNP wen 8 – 0
5 Augustus	0/7 Blesbokkies	Mount Pleasant	LNP verloor 4 – 2
7 Augustus	0/9A	Setlaarspark	LNP verloor 22 – 29

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
6 Augustus	Senior B	Curro	LNP wen met 16 potte
6 Augustus	Junior A	Junior B	Junior A wen met 8 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
6 Augustus	LNP	Dietrich	LNP wen 5 – 2

PEARSON KUNSFEES UITSLAE

GRAAD 1	PRESTASIE	GRAAD 2	PRESTASIE
Jacques de Villiers	Diploma – voordrag	Portia Botha	Goud – voordrag
Hendrik van Staden	Diploma – voordrag	Nina Latham	Goud – voordrag
Janie van Wyk	Goud – voordrag	Ingrid Rossouw	Goud + Silwer – voordrag Goud – kuns
Gerhard Watkins	Goud – voordrag	Nina Rossouw	Goud + Silwer – voordrag
Suné Rossouw	Goud – voordrag	Chloe Schoultz	Goud – kuns
Conri Hol	Goud – kuns	Chanel Schoultz	Goud – kuns
Lisa Scheepers	Goud – kuns	Lea Gerber	Goud – kuns
Marli Stander	Goud – kuns	Ava Radder	Goud – kuns
		Lika Hanekom	Goud – kuns
GRAAD 3	**PRESTASIE**	**GRAAD 4**	**PRESTASIE**
Kemicka Harth	Diploma – voordrag	Micaela van den Berg	Goud – voordrag
L. J. Campher	Goud – voordrag	Miané Strydom	Goud (x3) – voordrag
Celine le Roux	Goud – voordrag	Em-Jaye Theart	Goud – voordrag
Carlo Fourie	Goud – voordrag	Kate Gough	Silwer – musiek
Micaela Potgieter	Goud – voordrag	Pippa Nel	Silwer – musiek
Elri Smit	Goud – voordrag	Joshua Latham	Goud – musiek
Megan van Wyk	Goud (x2) – voordrag		
Zenlowe Venter	Goud – musiek		
Michael Joubert	Goud – kuns		
Mia Moss	Goud – kuns		
Isabel Kühn	Diploma – kuns		
GRAAD 5	**PRESTASIE**	**GRAAD 6**	**PRESTASIE**
Jennifer Smith	Goud (x2) – voordrag Silwer – musiek	Milayke Fourie	Goud – voordrag
Matthys Potgieter	Diploma – voordrag Goud – musiek	Anke Rossouw	Diploma (x2) + Goud + Silwer – voordrag Silwer – musiek Silwer – creative writing
Tiaan Riekert	Diploma (x2) + Goud (x3) + Silwer – voordrag Goud – musiek	Zané Pieters	Brons – musiek
Yelisa Botha	Silwer – kuns	Taluschka Boshoff	Silwer – musiek

GRAAD 7	PRESTASIE	KORE	PRESTASIE
Anike Kühn	Diploma – voordrag ; Goud – musiek Silwer – kuns	Junior	Diploma
Karla van Rooyen	Diploma – voordrag Diploma + Silwer (x2) – musiek Goud – creative writing	Senior	Goud

Lara Nell	Goud (x2) + Silwer – voordrag Diploma + Goud + Silwer – musiek Brons – creative writing
Deacho van der Linde	Goud (x2) + Silwer – voordrag
Reinhardt Welman	Diploma + Goud + Brons – musiek
Delmarie Jonck	Diploma – kuns

Opsomming van uitslae:

	Diploma	**Goud**	**Silwer**	**Brons**
Musiek	1	9	8	2
Kore	Jnr Koor	Snr Koor		
Voordrag	12	16		
Dramatique	3	21	1	
Kuns	3	12	2	
Creative Writing		1	1	1

Anke Rossouw (voordrag) en Lara Nell, Karla van Rooyen en Reinhardt Welman (blokfluit trio) is ook genooi om Dinsdagaand by die Prestige aand op te tree. Baie geluk met hierdie uitmuntende prestasies!